

Omgeepapier Palm Sondag 3-8 April 2023

Palm Sondag: Jesus ons Koning

1. Lees Joh 19:36 - 37 Jesus, ons Koning, die Regeerder oor die Heelal, sê **“My Koningskap is nie van hierdie wêreld nie.....”, en”Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom: om oor die waarheid te getuig. Elkeen wie se bestaan in die waarheid gegrond is, luister na My stem”.**

Dink daaroor: Die waarheid is dat Jesus gekom het om ons deur Sy kruisdood (sterwe, as offer om vir óns sonde te betaal) deel van Sy koninkryk te maak, uit die wêreldse koninkryk úit te haal.

Dus, Jesus vra jou: lewe jy volgens –

- leef vir Jesus en Sy werk vir jou, of vir besittings, geld, materialisme, dws Jesus moet jou lewe maklik maak
- verlos uit die mag van die bose of verknog aan die wêreld;
- bevry van boesem sondes;
- duidelike roeping of sinloosheid;
- liefde of haat; vergifnis of onvergifnis;
- toegang tot God ons Vader of bid teen die plafon vas;
- liefde vir alle mense of selfsugtig;
- nederigheid en gelykheid of hoogmoedig; insluiting of eksklusief;
- vrug van die Gees (vreugde, vrede, geduld ens) of vrug van jou ‘vlees’.....

2. As jy een van Sy kinders, volgeling geword het behoort jy nie aan die wêreld nie / te lyk soos die wêreld nie!

Dus die Vraag: As jy rêrig aan Jesus behoort, watter deel van jou lewe leef jy nog soos ‘n inwoner van die wêreld? Bely dit teenoor ons Verlosser, Jesus, en vra Hom om jou los te maak daarvan!

3. Vir wie anders kan jy bid? / Waarvoor wil jy **dankie** sê?